

HOOFSTUK I

PROBLEEMSTELLING, TEGNIEKE EN PROSEDURES

INLEIDING

Tradisionele dans as kultuurproduk van 'n etniese groep en die sillabus van Liggaamlike Opvoeding, is albei aspekte wat nooit stagnant kan wees nie. Albei is onderhewig aan verandering en vernuwung.

Weens mondelinge oordraging, trans- en akkulturasie, veranderende politieke bestel, verstedeliking, industrialisasie ensovoorts, word die funksie, betekenis en etniese dansinhoud blootgestel aan onbeplande en natuurlike verandering. Die beskouing van danskultuur as 'n mikrokosmos van 'n holistiese kultuur word deur Burnett-van Tonder as volg toegelig:

"Dans bied egter nie 'n totale reproduksie van kultuur nie, maar verteenwoordig eerder 'n weerspieëling van die kultuur waarvan dit 'n produk is. Die kriteria wat by dans geld, reflekteer die waardesisteen van 'n groep waar aspekte soos kultuurgeldende gedragskodes, sosiale groeperings en die politieke bestel ten opsigte van die dans gehandhaaf word." (Burnett-van Tonder, 1984:63).

Die tradisionele dans is visueel een van die mees waarneembare en belangrikste komponente van die Suid-Sotho-kultuur en is as kultuurerfenis nog nie gedokumenteer nie. Daarom is hierdie ondersoek na Suid-Sotho-danse ingeskakel by 'n groter projek wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ondersteun is. Die titel van hierdie projek is "Die dokumentasie van die sosio-etniese danse en musiek van bepaalde volksgroepe in Suider-Afrika in antropologiese verband".

Die dokumentasie van die etniese danse kan 'n bydrae lewer tot die bewaring van die danse vir die nageslag van die spesifieke volksgroep in 'n gemeenskap wat vinnig besig is om te verwesters. Terselfdertyd kan die danse met ander volksgroepe en volkere gedeel word vir begrip en waardering wat 'n positiewe invloed op volkereverhoudinge kan mee-

bring. Die analitiese fase van hierdie navorsing bied die geleentheid vir die uitbreiding van kennis op die gebied van Danskunde en Choreologie.

Hierdie studie van die Suid-Sotho-danse het ten doel om die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies asook die volk van Qwaqwa te dien. Meer spesifiek is dit die dokumentasie en danskundige ontleding van Suid-Sotho-vroue- en meisiedanse primêr om vir die sillabus vir blanke meisies opvoedkundig bruikbaar te wees en sekondêr om die danse vir die volk van Qwaqwa te help bewaar.

Die dinamiese aard van die onderwys vereis 'n gedurige herevaluering van die behoeftes van die maatskappy wat dit dien, derhalwe moet dit tredhou met onder andere die veranderende sosiale, maatskaplike en politieke bestel en gereelde hersiening en vernuwing ondergaan. In 1980 is 'n verslag vrygestel waarin die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies geëvalueer is met die oog op die gebruikelike vyfjarige hersiening (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:10). Bevindinge wat direk verband hou met hierdie navorsing is die uitwys van die belangrikheid van die doelstelling, kulturele ontwikkeling en die behoefte deur die leerlinge uitgespreek om die Volksdansprogram uit te brei om volksdanse van Suider-Afrika in te sluit (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:262). Laasgenoemde verwys na eie kultuurdanse asook die danse van die ander volksgroepe in en om die Republiek van Suid-Afrika.

Hierdie navorsing vind aansluiting by die probleemareas soos volkereverhoudinge en kultuurbeleid wat deur die R.G.N. as prioriteite vir navorsing in die tagtigerjare uitgeken is (R.G.N. s.a.) Die skoolgaande jeug maak 'n groot deel van die bevolking uit. Die skool is dus 'n geskikte plek om te begin werk aan die volkereverhoudinge en kultuurbeleid. Aspekte in hierdie verband, naamlik die bevordering van volkereverhoudinge deur beter kennis, insig en waardering vir die identiteit van ander volksgroepe en eie identiteit word in hoofstuk V toegelig.

Die beskikbaarheid van besonderhede oor die etniese danse van die

Swartgroepe is as 'n leemte en 'n daadwerklike behoefte uitgewys. Die motivering vir hierdie navorsing is juis om hierdie leemte te help vul deur die danse te noteer sodat leerkragte met behulp van die dansaanwysings die danse vir leerlinge kan aanbied. Tot op datum is verskeie antropologiese studies gedoen wat die etniese slegs in kultuurverband beskou, maar nie danse dokumenteer nie. Alleenlik twee bestaande ondersoeke oor etniese danse in Suider-Afrika wat aan laasgenoemde voldoen, is voltooi, naamlik "Die danse van die meisies van die Amakhonjwayostam" (Fourie, 1967) en "n Choreologiese en danskundige ontleding van Venda-danse met enkele antropologiese perspektiewe" (Burnett-van Tonder, 1984). Antropologiese studies in verband met die Suid-Sotho maak bloot melding van sommige van die tradisionele danse. Daar is geen besonderhede of beskrywing van die danskonstrukte of choreografiese raamwerk nie. Hierdie aspek, saam met die feit dat danse verander en gedeeltelik verlore kan gaan, asook die potensieel opvoedkundige waarde in die huidige sosio-politieke bestel, maak hierdie ondersoek 'n tydig en waardevolle bydrae.

PROBLEEM

Die hoofprobleem is toegespits op die dokumentasie en die danskundige ontleding van bepaalde sosiale Suid-Sotho-danse met spesifieke verwysing na die Liggaamlike Opvoedingprogram vir meisies.

Voortspruitend uit die dokumentasie, ontleding en opvoedkundige bruikbaarheid sal die volgende SUBPROBLEME ondersoek word:

1. Wat is die etnografiese beeld van die Suid-Sotho?
2. Wat is die plek van dans in die kultuur van die Suid-Sotho?
3. Wat is die kriteria vir die geskikte keuse van danse vir die Liggaamlike Opvoedingprogram en op watter wyse kan dit gedokumenteer en ontleed word?
4. Waarom en op watter wyse kan die bepaalde Suid-Sotho-danse inskakel by die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies?

OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek is beperk tot die Suid-Sotho woonagtig in Qwaqwa waaronder die Kwena en die Tlokwa as die twee inwonende Suid-Sotho-stamme behoort. Die ondersoek behels 'n oorsig van die tradisionele dans soos dit huidiglik onder die mans, vroue, seuns en meisies voorkom. Dans as kultuurfenomeen is choreologies ondersoek. Die dokumentasie en notering van huidige tradisionele danse is afgebaken tot bepaalde sosiale danse wat deur vroue en meisies gedoen word. 'n Bruilofsdans, 'n speldansie, 'n ledingwana-vrouedans en 'n moqoqopelo-vrouedans is uitgesonder. Die hoofoorweging vir die keuse van voorbeelde van die danse is die toepaslikheid van die danse vir die Blanke Liggaamlike Opvoedingprogram vir meisies in die hoërskole.

Die dokumentasie is toegespits op die funksies van die dans, wie dans waar en wanneer, die kleredrag, parafernalieë en begeleiding. Die notasie maak 'n deel uit van die dokumentering wat die danse bewegingskundig en danskundig beskryf en ontleed. Die bewegingskundige ontleding is beperk tot die tegniese ontleding van die dansbewegings met betrekking tot liggaams-, bewegings- en omgewingsaspekte. Die danskundige ontleding is toegespits op die choreografie waar die begeleiding, beplanning vir die inhoud, komposisiebeginsels en duur van die dans aandag geniet. Die kulturele betekenis en dansgebeurtenis is beskryf binne die choreologiese ontleding. Die ondersoekgebied en die ligging van die plekke wat besoek is, word op Kaart 1 aangetoon. Die verskillende distrikte en stante wat besoek is, word skematies en alfabeties hieronder aangedui met die danssoort wat verfilm is.

DISTRIK: STAT

Mabolela

DANSSOORT

thojane (vroue)

ledingwana (vroue)

mokgibo (vroue)

mokgibo (meisies)

mohobelo (seuns)

diphatha (seuns)

DISTRIK: STAT

DANSSOORT

Magalwaneng

mokgibo (vroue)
moqoqopelo (vroue)
ledingwana (vroue)
thojane (vroue)

Makwane: Comet

mokgibo (meisies)
mokgibo (vroue)
ledingwana (vroue)
thojane (vroue, mans en meisies)
bruilofsdans (meisies)
meisiedanse (Suid-Sotho en Zulu)

Monontsha: Sehlajaneng

moqoqopelo (vroue)
mokgibo (meisies)
bruilofsdanse (mans en meisies)
mokopu (vroue en meisies)
bale-dans (meisie-inisiasiedans)

Hlatseng

mokgibo (meisies)
speldansies (meisies)
meisiedanse (Zulu)

Monontsha

mokgibo (vroue)
moqoqopelo (vroue)
diphotha (seuns en mans)

Namahadi: Ha Sethunya

mokgibo (meisies)
mokgibo (vroue)
ledingwana (vroue)
mokopu (meisies)
waarsêersdanse (vroue)

Phuthaditjhaba (Tshiya
Opleidingskollege)

mokgibo (vroue)
bruilofsdanse (jong mans en meisies)

Thabana Tshowana

mokgibo (vroue)
ledingwana (vroue)
thojane (vroue)

Thaba Tshweu: Lejwaneng	<u>mokgibo</u> (vroue) <u>moqoqopelo</u> (vroue) bruilofsdanse (jong mans en meisies)
Tseki	<u>mokgibo</u> (meisies)
Tseseng: Matswakeng	<u>mokgibo</u> (meisies) bruilofsdanse (meisies) meisiedanse
(Sefikeng Opleidings- kollege)	<u>mokgibo</u> (vroue) bruilofsdanse (jong mans en meisies)
Phomolong	<u>mokgibo</u> (meisies) bruilofsdanse (meisies)
Thibella	<u>mokgibo</u> (vroue) bruilofsdanse (meisies) <u>mokgibo</u> (vroue) bruilofsdanse (ou vroue) <u>mokgibo</u> (meisies)
Welkom (Oranje-Vrystaat)	<u>mokgibo</u> (meisies) toordoktersdanse (mans en vroue) <u>ndlamu</u> (seuns) <u>mohobelo</u> (mans)


Die totale tydperk wat aan veldwerk in Qwaqwa gewy is, was 12 weke.

PROBLEME TYDENS DIE ONDERSOEK

Die veldbesoektydperk was in die geheel te kort omdat tyd verlore gegaan het met organisasie en die opspoor van die informante.

Vorbereiding en organisasie vir die veldwerk in Qwaqwa moes vooraf telefonies, per brief en met persoonlike besoeke aan Qwaqwa gedoen word. Alle afspraak vir die veldwerk, dit wil sê vir die verfilming en onderhoude, moes per motor en persoonlik in die verskillende dis-

KAART I. QWAQWA - AREA



trikte waarvan sommige diep in die berge geleë is, gemaak word en het baie tyd in beslag geneem. Soms kon die kontakpersoon of dansleier nie opgespoor word nie of die boodskap aan genoemde nie oorgedra word nie en moes die rit herhaal word. Weersomstandighede, die bykans onbegaanbare bergpaadjies en die konsep van tyd by die inwoners het die tyd vir veldwerk aan bande gelê. Die neem van foto's was beperk aangesien die navorser alleen al die apparaat moes hanteer en daar min tyd tot haar beskikking was. Weens die inwoners se tydsamheid kon heel dikwels eers vanaf 12h00 met die verfilming begin word met die gevolg dat die voete van die dansers in hul skaduwees was.

Aanpassings was nodig om in 'n vreemde "land", by 'n vreemde kultuur, leefwyse en gewoontes die vertroue van die informante, tolke en inwoners te wen. Die antwoorde op vrae moes gedurig geverifieer word om voorsiening te maak vir die moontlike weerhouding van inligting en om eventueel die korrekte inligting te bekom. Daar moes rekening gehou word met die nie-intensionele verkeerde oordraging van 'n vraag of antwoord deur die tolk. Die probleem van die gebrek aan konseptualisering van passekwens- of paskonstruksbenaminge by die inwoners moes oorbrug word. Suid-Sotho-passekwensbenaminge moes gevind word wat die passekwens kon tipeer so na as moontlik binne die verwysingsraamwerk van die Suid-Sotho.

Die video-opnames van die danse is gebruik vir notering en ontleding. Die beeld verskaf 'n tweedimensionele weergawe omdat die danse slegs van een aansig geskiet kon word. Hiervoor is daar verskeie redes. Die tyd was beperk aangesien die onderhoude gewoonlik op dieselfe dag moes plaasvind en terwyl die informante beskikbaar was; die areas waar 'n gelykte gevind kon word moes in aanmerking geneem word; die dansgroepe moes soms van ver kom en was dus nie vir 'n tweede verfilming beskikbaar nie; die weersomstandighede het hier ook 'n rol gespeel. Die musiek as sodanig is nie in besonderhede genoteer nie aangesien daar nie altyd voorsiening gemaak kon word om aparte klankopnames te maak wat vir hierdie doel geskik sou wees nie. Die integrasie van die bewegings met die musiek is gebaseer op die ritmepatroon van die koor wat die hoofmelodie sing, die handeklap en die bewegings.

Die totale begeleiding is ook nie kultureel begrond nie aangesien dit die gespesialiseerde kennis van 'n musiek-etnoloog verg.

NAVORSINGSTEGNIEKE EN VELDWERKPROSEDURES

Tydens die veldwerk is gebruik gemaak van die volgende data-insamelingstegnieke: persoonlike waarneming, deelnemende waarneming, videoverfilming van die danse, die neem van foto's, klankopnames van die liedjies wat tydens die danse gesing is, persoonlike onderhoude en mondelinge vraelyste.

Die persoonlike waarneming het plaasgevind op tye wanneer nie spesifiek met verfilming en onderhoude in die veld besig was nie of gewag is vir die informante om op te daag. Hier is veral die beweging en dansbewegings van kinders tuis, op skoolgronde en -stoepe, en in die veld, terwyl hulle sing en speel, waargeneem, asook danse van vroue en meisies wat nie vir verfilming geskeduleer was nie en dansbewegings van koorlede tydens 'n operette, 'n konsert en 'n skou.

Deelnemende waarneming het behels dat die navorser soms die danse of gedeeltes van danse aangeleer en saam met die dansgroepe gedans het. Die ritmes van die handeklap is saam met die musikante geklap. Sommige van die ritmes van die tromme is aangeleer en geslaan. Hierdie waarneming het soms na die verfilming of tydens besoeke wanneer geen verfilming gedoen is nie, of tydens ondervraging, plaasgevind. Deelnemende waarneming het baie bygedra tot die vertrouensgesindheid van die informante en dansers teenoor die navorser.

De Laban (1972:18) noem die noodsaaklikheid van die gebruik en hantering van tegniese apparaat naamlik die kamera, die filmapparaat en klankopnamemasjien vir die veldwerk van dansnavorsing. Gray (1967:85) en Bartenieff (1967:94) onderskryf ook die gebruik van die film as 'n data-insamelingstegniek.

Voorkeur is aan videoverfilming gegee. Die voordele daaraan verbonde behels dat, indien verfilming nie suksesvol is nie, die band weer gebruik kan word en die onmiddellik terugspeel van die videoband op 'n

skerm. Nog n voordeel is dat n gebruikte band vir redigering gebruik kan word. Die videoverfilming is begin sodra die dansgroepe gereed was. Die tye van aanvang het gewissel van 10h00 tot 14h00.

Die neem van foto's kon net voor en na die filmsessie geskied en was dus beperk weens die tydsaspek wat onder probleme bespreek is. Enkele danse is progressief afgeneem. Verdere foto's is binnenshuis vanaf die televisieskerm geneem deur n professionele fotograaf na afloop van die veldwerk.

Klankopnames op n kassetspeler is soms voor die dansoptredes van die liedjies gemaak. Daar is later oorgegaan tot die opneem van die nodige liedjies vanaf die televisie na afloop van die veldwerk. Hierdie opnames is gebruik om die vertalings van die liedjies met n taalkundige en die ritme van die fluitjie met musiekkenners te verifieer. Persoonlike onderhoude is aan die hand van ongestruktureerde vrae tydens veldbesoeke met ongeletterde, maar kultuurkenners, by die stamme, en waar die verfilming plaasgevind het, gevoer. Data is ook bekom deur middel van mondelinge vraelyste. Die vrae is gestel aan die genoemde informante by die stamme en in Phuthaditjhaba in regeringskantore. Eersgenoemde het per groep en laasgenoemde individueel plaasgevind. Die ongestruktureerde vrae is gevra na aanleiding van die gebeure en danse van die dag en soos kennis ontsluit is. Die vraelys is opgestel na aanleiding van n vraelys opgestel deur Burnett-van Tonder (1982:1-4) en enkele vrae volgens Fourie (1967:91,92). Die vrae is opgestel volgens die volgende hoofaspekte: identifisering van tradisionele danse wat die soort dans en die geslag van dansers betref; die titels van die danse; die tyd en lokaliteit van optrede; kleredrag; parafernalieë; voorwerpe; begeleiding; betekenis en funksies; choreografie; evaluering en aanleer van danse. (vidé Bylae A)

Die prosedure wat gevolg is, het soos volg verloop:

1. Voorafbeplanning

n Permit van die Departement van Werke in Pretoria en later

van die magistraat in Phuthaditjhaba is verkry. Toestemming is van die Kommissaris-Generaal van Qwaqwa verkry om volgens protokol die hoofminister, die betrokke lede van die kabinet en die stamkapteins te ontmoet. By hierdie geleentheid is die nodige uiteensetting en doel van die ondersoek gestel en toestemming vir die veldwerk is verkry. Twee kultuurleiers is ontmoet wat besoeke aan 'n paar kontakpersone sou reël vir 'n loodsbesoek in die veld. Die kontakpersone moes kennis dra van dansgroepe en die danse self.

2. Veldwerk

Tydens die loodsbesoek van 'n paar dae is die kontakpersone in die veld besoek en is die eerste afspraak met dansgroepe en informante gereël vir die eerste lang verblyf. Gedurende elke verblyf is onderhoude gevoer, die danse verfilm en vraelysinligting bekom. Een dag per week is uitgesonder vir 'n reis om die volgende afspraak te reël en een dag, na gelang van die drukte, vir administratiewe werk. Twee tydperke van vyf dae elk, twee besoeke van drie weke elk en een van vier weke is in Qwaqwa deurgebring op die volgende datums: 8-11 Februarie, 1983; 28 Februarie - 17 Maart 1983, 7 April - 8 Mei 1983; 24 Mei - 16 Junie 1983; 23-29 Maart 1984. Op uitnodiging is 'n besoek aan Qwaqwa gebring op 9-10 Oktober 1982 om 'n deel van die Mopedi-fees by te woon.

Die informasie is deurentyd geverifieer deur verskillende informante persoonlik en soms telefonies vanaf Potchefstroom te ondervra. Onderhoude is met die ongeletterde statbewoners, met onderwys- en kultuurleiers en met geestelike leiers gevoer. Daar is van 'n regeringstolk en 'n geselskapsdame wat 'n hoof van 'n skool was en soms as tolk opgetree het, gebruik gemaak.

3. Dagbesoeke

'n Tipiese dagbesoek het soos volg verloop: Die Kommissaris-Generaal is soms ingelig oor vordering; 'n kaptein of agerende

mafumahadi is besoek en gegroet; op pad na die plek van die dag se besoek is 'n kontakpersoon herinner aan 'n volgende besoek; die filmapparaat is opgestel en daar is informeel gesels met die dansers of informante wat reeds opgedaag het; voor en soms na die filmsessies is 'n onderhoud met 'n groep informante gevoer deur middel van 'n mondelinge vraelys. Die onderhoude kon weens praktiese redes nooit langer as een en 'n half uur duur nie. Die filmsessies het soms tot vyf ure geduur, afhangende van die aantal danse of dansgroepe wat beskikbaar was.

Nadat die dag se veldwerk, dit wil sê onderhoude en/of mondelinge vraelyste en verfilming afgehandel is, is geskenke uitgedeel. Glasware of sakdoeke is aan die mafumahadi oorhandig. Die jonger meisiedans- en musikantegroepe het twee groot pakke lekkers gekry, die ouer meisies en vroue twee van die volgende artikels: pakkies spelde, Vaseline, seep en sakdoeke; die seuns en mans het Bryl-haarroom, Vaseline, penne, sakdoeke en seep gekry. Die skoolhoofde by wie se skole veldwerk gedoen is, het elk ook 'n geskenk gekry en 'n groot bal vir die kinders. Tydens die laaste besoek is geld aan die informante en dansers gegee, asook aan die leiers van die myndansers in Welkom. Die geskenke is deur navorser persoonlik aan elkeen oorhandig, bygestaan deur die geselskapsdame. Lekkere is uitgedeel aan informante tydens elke onderhoud.

4. Verfilmingsprosedure

Die kamera is voor die dansgroep opgestel met die fokus ingestel volgens die afstand van die naaste beweging van die danser vanaf die kamera. Die gevolg is dat die dans net van voor en van een aansig verfilm is. Die kamera kon nie verskuif word nie as gevolg daarvan dat net die navorser die kamera kon hanteer terwyl die tolk die liedjies se woorde moes neerskryf. Nog 'n rede hiervoor was die ongelyke of soms klein

area waar gewerk is. Die totale groep, dit wil sê die dansers en musikante, is verfilm met nabyskote om op die trom, verskillende liggaamsbewegings, kostuums en parafernalieë te konsentreer. Die mikrofoon is op 'n stoel naby die groep, buite sig van die kameralens, geplaas vir maksimum klankopname in die buitelug. Die rede hiervoor was die skrilte toejuiging van die vroue en bykomende klanke van vragmotors en watermasjiene wat soms 'n steurnis was. Die hele dans met al sy herhalings is ononderbroke verfilm om die duur van die danse te kon vasstel en die notasie te vergemaklik.

5. Verifiëringsprosedures

Om die inligting wat by informante ingewin is te verifieer, is dieselfde vrae aan verskillende informante in verskillende distrikte gestel. Dieselfde vrae is aan oumense, onderwys- en kultuurleiers en ongeletterdes gevra. Dieselfde vraag is op verskillende maniere aan dieselfde informant gevra omdat feite soms verswyg is.

Die outentisiteit van die danse is vasgestel deurdat dieselfde danse van soveel moontlik verskillende dansgroepe en in verskillende distrikte verfilm is. Vertolking van verskillende aspekte van die danse kon deur die navorser geverifieer word deur dieselfde soort dans in verskillende distrikte en gedans deur verskillende dansers waar te neem op die videomasjien. Hierdeur kon tipiese dansstyl, en -tegniek en bewegings wat tipies is, vasgestel word. Vir hierdie verifiëring is die soorte danse op verskillende bande gesorteer.

Die navorser het data geverifieer deur bewegings aan verskillende dansgroepe en informante te demonstreer. Deur verskillende mense na die video-opnames te laat kyk, is die navorser in staat gestel om feite in verband met tradisionele en kulturele aspekte en verskillende passe en bewegings te verifieer.

6. Prosedure by die notasie van die danse

Die danse is volgens die soorte, die geslag en ouderdomme op verskillende videobande geredigeer ter vergemakliking van die finale keuse van danse en die dokumentering, vergelyking en verifiëring van feite. Die vier danse wat vir notasie gekies is, is op een videoband geredigeer.

Om die dansbewegings te noteer, is die volgende prosedure gevolg:

- i) Aandag is aan die hele dans gegee om 'n geheelbeeld te vorm en die tydmaat van die begeleiding vas te stel.
- ii) Die video is teen stadige spoed en sonder klank gespeel en die volgende is deur hierdie tegniek bereik:
 - a) Die paskonstruksie en hul volgorde is geïdentifiseer.
 - b) Die betrokke voet wat begin beweeg of die massa neem en die bewegingsrigting is aangedui.
 - c) Die ritmepatrone is deur strepe van die verskillende lengtes aangedui.
 - d) Die intensiteit en ruimtelikheid van die bewegingsaksente is neergeskryf soos visueel bepaal is - ook met die video op normale spoed.
 - e) Die paskonstruksiegroeperings, die tellinggroeperings en die totale passekwensstelling is bepaal en neergeskryf.
- iii) Teen normale spoed is die volgende gedoen:
 - a) Die tempo, bewegingspols en tydmaat van die passekwens is bepaal deur middel van 'n metronoom.
 - b) Die ritmepatrone, paskonstruksie- en tellinggroeperings is, ook teen normale spoed, gekontroleer.
 - c) Die kwaliteite van bewegings is vasgestel waarvan sommige met beskrywende terme, wat geskep moes word, aangedui is.

- iv) Die meegaande segmentbewegings is teen stadige en daarna teen normale spoed en met behulp van die geïdentifiseerde pastellings en paskonstruksie bepaal.
- v) Teen normale spoed is die tegniek en styl vasgestel.
- vi) Die vloerpatroon van die dans is beskryf en grafies volgens die tellings aangedui.
- vii) Die ritmepatrone en tellings van die passekwense is geïntegreer met dié van die begeleiding, dit wil sê die sang en handeklap. Met die sang word bedoel die refrein of koorgedeelte wat die melodie vorm.
- viii) Die aantal herhalings van elke passekwens, die dele van die dans en die vloerplan is vasgestel en genoteer volgens die tellings.
- ix) Vir verifiëring is die totale aantal pastellings van die hele dans met die totale aantal tellings van die begeleiding vergelyk om die akkuraatheid vir die tegniese ontleding te verseker.
- x) Om bewegings, dansstyl en -tegniek wat algemeen voorkom te kan vergelyk met ander danse, is al die danse op die videobande noukeurig bestudeer.

Volgens Royce (1980:39) is dans een van die oudste kunsvorme, maar het die neerskryf van dié kunsvorm die kortste geskiedenis. Burnett-van Tonder (1984:16) meld dat verskeie notasiesisteme reeds sedert die sestende eeu ontwikkel is om beweging en dans te dokumenteer volgens die behoefte van daardie tyd en volgens die danssoort waarvoor dit ontwerp is. 'n Goeie sisteem moet beweging in ruimte en tyd en stylvariasies kan weergee (Royce, 1980:39). Arbeau het tot 'n groot mate van 'n beskrywende sisteem gebruik gemaak in die sestende eeu. In die agtiende eeu het Feuillet van ingewikkelde grafiese tekeninkies gebruik gemaak om die rigting van beweging en vloerpatrone ook aan te dui; gedurende die negentiende eeu het Saint-Leon 'n nuwe sisteem

van stokfigure wat op 'n musiekbalk aangebring is, ontwerp (Royce, 1980:40, 43, 44).

Die sisteme van Eshkol en Wachman, Margaret Morris en Rudolf von Laban waarvan die simbole die tydsfaset, rigting van beweging, vlakke waarin beweeg word en bewegende liggaamsdele gelyktydig aandui, is grafies georiënteer (Burnett-van Tonder 1984:16). Dansantropoloë verskil in hul voorkeure van die verskillende sisteme. Kealiinohomoku (1976:8) meld dat sy van Kurath se sisteem, wat bekend staan as die "glyph notation", gebruik maak in voorkeur bo die Labannotasiesisteem. Die dele van die liggaam word deur die dele van 'n stokfiguur aangedui. Hierdie tekeninkies staan as "glyphs" bekend en dien as simbole van die liggaamsdele. Dit word op 'n vertikale balk neergeskryf en dui die beweging en posisies van die liggaamsdele aan. Volgens Royce (1980:44) is die Labannotasie een van die mees gebruikte sisteme vandag. Dit bestaan uit verskillende simbole vir menslike bewegingspatrone wat op die balk in terme van tyd, ruimte en kragkonsepte neergeskryf word. Nahumck (1978:9) gebruik Labannotasie om Afrikadanse te noteer. Sy meen dat hierdie sisteem baie suksesvol vir die notering van Afrikadans kan wees. Hierteenoor is Royce (1980:45) van mening dat vir eenvoudige of herhalende etniese dans so 'n ingewikkelde analitiese sisteem nie gebruik moet word nie, veral ook omdat baie soorte etniese dans addisionele note en simbole langs die balk verg.

Die huidige sisteme kan vir verskillende danssoorte gebruik word maar vereis spesifieke opleiding en skoling. Burnett-van Tonder (1984:17) stel dit dat enkele dele van Venda-danse, wat deur Blacking in Benesh-notasie gepubliseer is, se eg Venda-styl en uitvoeringswyse as te gestiliseerd weergegee is. Die redes waarom daar op die beskrywende stelsel besluit is, is dat dit nie tegniese opleiding verg nie en makliker deur die onderwyserskorps gebruik kan word. Vir hierdie notasie is passekwense in Suid-Sotho benoem en aspekte soos vloerpatrone en danstegniek is deur middel van grafiese tekeninge en foto's geïllustreer wat die beskrywende sisteem aanvul.

Omdat die Suid-Sotho die dans in passekwense beleef, is die glossarium hiervolgens in kolomme agtereenvolgens opgestel: die passekwense en paskonstruksvolgorde, die beskrywing van die passekwense, die meegaande segmentbewegings, die danstegniek en die vloerpatroon van elke passekwens. Die passekwens is skematies uiteengesit deur die paskonstruks in woorde aan te gee en onder elk die meegaande ritmestrepe, aksente- en tellingaanduidings. Hierdie skematiese aanduiding van die ritmepatrone, (wanneer die regter- en linkervoet op watter tellings gebruik word) se waarde vir die onderrig van die dans lê hierin dat dit 'n geheelbeeld van die dans gee. Verder dien dit as voorsêwoorde of "Cues" van die konstruks wat die aanleer van die passekwens sal vergemaklik. Die passekwens is daarna beskrywend aangegee met die insluit van rigtings waarin beweeg moet word. Die integrasie van die begeleiding met die bewegingsritmepatroon is skematies aangedui. Die notasie van die dans self verskaf eerstens die besonderhede van die naam van die dans en Afrikaanse ekwivalent, die begeleiding, die melodie en musieknotasie van die ritmepatroon, die tempo en metronoomtellings, die passekwensbenaminge en die aanvangsopstelling. Daarna volg die dansbeskrywing volgens die tellings en dele, die dansverloop en die groep se vloerplan. Die dansverloop is aangedui in die aantal herhalings van die passekwense. Hierdie notasie is slegs vanaf die videofilms aangeteken.

7. Ontledingskriteria

Die benadering vir ontleding is choreologies en danskundig. Die choreologiese ontleding dek die kulturele aspek en die dansgebeurtenis wat betref die lokaliteit, tyd, funksies, danspersoneel en materiële komponente. Die bewegingskundige ontleding dek die glossarium en beskrywing van die passekwense en die tegniese bewegingsontleding.

- a) Die tegniese bewegingsontleding behels liggaamsaspekte, bewegingsaspekte en omgewingsaspekte.
- b) Die choreografiese ontleding sluit die begeleiding, inhoud, komposisiebeginsels en die duur van die dans in.

BEGRIPSOMSKRYWINGS

Sekere begrippe wat herhaaldelik gebruik is, word vervolgens omskryf ter verduideliking binne die konteks waarin hulle gebruik is.

Bewegingskundige ontleding: Dit is die ontleding van bewegings volgens die liggaamsbewegings- en omgewingsaspekte wat in die bewegingsuitvoering, bewegingsamestelling en liggaamsgebruik teenwoordig is. (Dit het hoofsaaklik betrekking op die passekwense wat in die danse voorkom).

Choreografiese ontleding: Dit is die ontleding van die ontwerp van 'n dans.

Choreologiese ontleding: Dit is die ontleding van danse binne die kulturele konteks, funksie en betekenis.

Danskundige ontleding: Dit is die ontleding van simboliek wat bewegings en dansdele weerspieël in terme van die funksie en kulturele betekenis, die choreografiese samestelling en die kulturele evaluering-kriteria van danse.

Dokumentasie: Dit is die opteken van die totale dansgebeurtenis en die notasie van die dans.

Notasie: Dit is die opteken van passekwense en danse in besonderhede met die oog op die presiese reproduksie daarvan met inagneming van die begeleiding, inhoudelike volgorde en verloop, die ruimtegebruik en groepopstellingverhouding.

Paskonstruk: Dit is 'n enkele bewegingsaksie van die been/voet wat ondersteund of nie-ondersteund kan wees en aan elemente van die ritmepatroon gekoppel kan word.

Passekwens: Dit is 'n groepering van 'n reeks been-/voetbewegingsaksies in 'n vasgestelde volgorde om 'n sinvolle geheel te vorm.

Sosio-etniese danse: Dit is danse van 'n etniese groep wat sosiaal of rekreatief beoefen word en waardeur die deelnemers die identiteit van die etniese groep kan beleef.